**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

**JAARGANG XVIII** **16 AUGUSTUS 1963** **NR. X**

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# A.S.B.-kongres vol hoogtepunte

**Puik referate**

**Reeds in 1707 het 'n Hollandse kolonis aan die suidpunt van Afrika homself 'n Afrikaner genoem. Sedertdien was daar nog altyd twee faktore wat beslissend was vir die vorming van die Afrikanernasie, nl. sy strewe na politieke onafhanklikheid en sy Christelike geloof. Vandag word die Afrikaner van alle kante bedreig en onwillekeurig kom die vraag by hom op: „Waarheen nou?" Die antwoord is: „Doen wat jou hand vind om te doen en steun op jou geloof".**

Só het dr. C. Mulder, L.V. vir Randfontein, wat die 15e Bondskongres van die A.S.B. by die Pretoriase Onderwyskollege op Maandagaand 8 Julie geopen het, die toekomstaak van die Afrikaanse student gesien.

### Referate

Van die begin af het die kongres 'n vol program gehad. Daar was die gewone takverslae en ander werk om af te handel, asook die kongrestema, te wete „Die Afrikaner Vandag". Altesaam 7 referate is oor dié onderwerp gelewer, die meeste waarvan van 'n hoë standaard was. Uitstaande was die referate van mnr. Pierre van Zyl (U.P.-Buitemuurs), oor die Afrikaner se ekonomiese lewe.

'n Hele paar interessante feite het uit die referate en die hoofbestuursverslae geblyk:

- Die Afrikaner se aandeel in ons landbou bedra 81%, maar slegs 9% in die fabriekswese.
- Daar is 1 universiteit vir elke 325,000 Engelssprekendes, teenoor 1 universiteit vir elke 475,000 Afrikaanssprekendes.
- Die studente van die Pretoriase Onderwyskollege het deur selfwerksaamheid in die koshuise 'n maandelikse besparing van R1,400 bewerkstellig.

Die hoofbestuurverslae het getuig van onvermoeide ywer by al die hoofbestuurslede wat klaarblyklik geen moeite ontsien het om 'n sukses van hulle onderskeie departemente te maak nie.

### Takverslae

Daar is egter slegs een manier om te bepaal of die A.S.B. gesond is of nie, en dit is deur middel van die takverslae. Hier was die tekens beide bemoedigend en ontnugterend. Terwyl dit uit sommige verslae duidelik was dat die betrokke sentra met sukses besig was om die ou vraag: „Wat doen die A.S.B. nou eintlik?" te beantwoord, was ander takke se aktiwiteite beperk tot „Weens onvermydelike omstandighede kon ons nie..." of „Ons stel in die vooruitsig dat..." Oor die algemeen het die meeste sentra egter hulle plig gedoen.

### Praktiese nut

Ook is daar gepoog om die A.S.B. van meer praktiese nut vir die gewone student te maak. Daar is besluit op die uitreiking van 'n studentekaart en die wye belangstelling wat die Europese toer elke jaar gaande maak, wys dat die A.S.B. hier in 'n praktiese behoefte voorsien. 'n Wysiging in die grondwet wat die uitgee van 'n akademiese blad moontlik maak, het ook ten doel om die studente meer bewus te maak van wat die A.S.B. vir hulle kan beteken (sien berigte elders).

Die Kongres is ook toegespreek deur mnr. K. Pauwels van die Vereniging van Vlaamse studente en mnr. Toerien van die Afrikaanse Studenteklub van Wits.

## HANS VAN ZIJL ONDER-DIRIGENT

Mnr. Hans van Zijl, 'n ou bekende as dirigent, is benoem as onder-dirigent vir die intervarsity Saterdag. Mnr. Van Zijl was reeds vir die afgelope twee jaar hoofdirigent nadat hy eers in 1960 onder-dirigent was.

Verskoning aan mnr. Roothman vir die foutiewe berig. Die Studenteraad wil dit duidelik stel dat die nie-goedkeuring van sy nominasie nie weens wangedrag was nie.

# A.S.B. KRY EIE PUBLIKASIE

**Op die pas afgelope A.S.B.-kongres te Pretoria is daar in die grondwet voorsiening gemaak vir 'n eie A.S.B.-publikasie. Met hierdie besluit het die Afrikaanse Studentebond 'n geskiedkundige mylpaal bereik.**

Die blad sal aan 'n langverwagte ideaal voldoen nl. om lands- en lewensvraagstukke op 'n akademiese wyse te behandel. Dit is dus duidelik dat dit 'n blad van besonder hoë standaard sal wees. Hierdie blad sal ook 'n veel wyer veld dek as slegs die verskillende Afrikaanse studentegemeenskappe. Dit sal vanaf die staatspresident, eerste minister, kabinet en ander Volksraadslede, ook beskikbaar wees vir Suid-Afrika se biblioteke, skole en publiek in die algemeen. In hierdie publikasie sal die A.S.B. oor 'n mondstuk beskik wat die beginsels en strewes van die Bond sal uitdra aan almal wat dit te wete wil kom.

### Tertius Delport

Die redakteur van die blad word deur die uittredende beleidsraad van die A.S.B. aangewys. Die redakteur kan ook 'n oud-student wees. Hierdeur word verseker dat die redakteur vir 'n hele aantal jare die pos sal kan beklee en dus 'n stabiliserende faktor sal wees.

Tertius Delport, 'n oud-Matie en voorsteller van hierdie grondwetlike wysiging, is dan ook aangewys as die eerste redakteur van hierdie A.S.B.-publikasie.

Behalwe die redakteur word daar nog sewe lede deur die uittredende beleidsraad benoem wat sal optree as direkteure van een van die volgende studiedepartemente: Buitelandse, Kulturele, Staatkundige, Opvoedkundige, Ekonomiese, Natuurwetenskaplike en Etnologiese aangeleenthede.

Dit is dus baie duidelik dat ons hier te doen het met 'n hoogs akademiese blad; geskoei op A.S.B.-grondslag en 'n goeie teenvoeter vir die ou vraag: Wat is die A.S.B., waarvoor staan dit en wat doen die Bond?

## PROF. BINGLE NEEM WAAR

Prof. H. J. J. Bingle, die onder-rektor van die Puk sal vir die eerskomende kwartaal waarneem as rektor in die plek van prof. J. Chr. Coetzee wat tans in die buiteland is.

## IN DIE KONGERSSAAL



V.l.n.r.: Mnrr. Roodt, De Wet, Herbst en De Beer

# Verandering van verkiesing van Studenteraad voor Massavergadering

**'n Aanbeveling van die reorganisasiekomitee van die Studenteraad dat die metode waarop die Studenteraad in die toekoms verkies sal word verander word, sal op die eerskomende massavergadering deur die Studenteraad aan die Massa voorgelê word.**

Die veranderings kom op die volgende neer. Die verteenwoordigers van die A.S.B. en Korps sal nie meer deur die besture van die twee liggame verkies word nie maar dat alle stemgeregtigde lede die verteenwoordigers op die Studenteraad sal verkies.

Wat die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur en die Sentrale Sportbestuur betref sal alle persone wat stemreg het op een deur die aftredende Studenteraad gekeur en daarna dubbeltalle opgestel wat aan die massa voorgehou sal word. Slegs in die geval van staking van stemme sal 'n drie of viertal aan die massa voorgehou word.

Verder sal alle nominasies van die onderliggame van die betrokke liggame die Studenteraadslede verkies.

## MASSAVERGADERING DINSDAG

Eerskomende Dinsdagaand sal die laaste Massavergadering van die jaar plaasvind. Verskeie sake, waaronder die nuwe verkiesingstelsel is op die program.

MOENIE KANSE VAT NIE...
kies
**FOTOKUNS**
vir
**PORTRETTE**
en
**GROEPFOTO'S**
Maak 'n afspraak — skakel net 3185

# THALIA-TOER GROOT SUKSES

**„'n Student is nie 'n student indien hy nie een van die vele studentetoere onderneem het nie". Thalia-toerlede kan hierdie lewenswaarheid wel deeglik onderskryf na die pas afgelope vakansietoer van vyf weke deur die Republiek en S.W.A.**

Die toergroep het op 28 Junie vanaf Potchefstroom-stasie vertrek vir 'n reis na wat vir die grootste deel van die toergroep 'n onbekende wêreld was.

Slegte weer het die groep gedurende die eerste paar opvoerings in die wiele gery, maar S.W.A. se weer was net soos sy spreekwoordelike gasvryheid: gul en warm.

Daar is altesaam 20 opvoerings gehou met die grootste opkomste in Windhoek, Walvisbaai, Outjo en Omaruru. Die toneelstuk self het goeie kritiek uitgelok en spelers wat met die aanvang van die toer nog nie ten volle op hulle gemak op die verhoog was nie, het met verloop van tyd hulle al beter in hulle rolle begin inleef. Die eindproduk kon in die Totiussaal gesien word.

Wat die natuurskoon aanbetref het die teenstellings almal opgeval. Van droë dorheid in die Suide, woestyn in die weste tot groen boswêreld in die noorde wat sterk aan Noord-Transvaal herinner.

Toere na besienswaardighede is so ver moontlik gereël, met die gevolg dat plekke soos die Etosha-panne, die Agaatstrand, die Augrabiese waterval en nog veel meer besoek kon word. Sekere toerlede sal ook seker nie die besoek aan die bierbrouery in Windhoek vergeet nie.

Die drie kusdorpe van S.W.A. sal seker nog lank deur almal onthou word. Swakopmund was gekenmerk deur sy tipiese Duitse boustyl, inwoners en algemene Duitse atmosfeer. Op Walvisbaai (die dorp tussen see en woestyn) is 'n visinmaak-fabriek besoek en 'n rit op een van die vissersbote die diepsee in gemaak. Die toer deur S.W.A. is amptelik op Luderitz afgesluit waar die Duitse gemeenskap die toergroep gulhartig ontvang het. Hier kon die Pukke sien hoe varswater uit seewater gemaak word en dan teen R1.20 per 200 gallon gelewer word.

S.W.A. is 'n groot en onvergeetlike land en om alles te beskryf wat die groep beleef het sou onmoontlik wees. Daar kan ten slotte miskien net gelet word op enkele flitse uit gesprekke tussen toerlede op die campus. „Koeldranke @ 15c 'n bottel in Tsumeb! Die soektog na die geheime kamertjie in die ou kasteel in Windhoek, die sonsondergang anderkant Diazkruis en . . . die wonderlike Suidwes-toer.

## NUWE HOOFBESTUUR

Die nuwe hoofbestuur van die Afrikaanse Studente Bond wat op die afgelope kongres verkies is, is as volg:

President: mnr. D. A. S. Herbst (P.U. vir C.H.O.).
Vise-president: mnr. Paul de Beer (U.P.).
Sekretaris: mnr. K. Liebenberg (U.O.V.S.).
Lede: mnr. Anton Roodt (P.U. vir C.H.O.);
mnr. K. van Rooyen (U.O. V.S.);
mnr. B. Bierman (P.O.K.);
mnr. A. Luckoff (Stell.).

# *Thalia vaar puik*

## *Spel natuurlik*

**Dit was met egte studente-toneel dat Thalia verlede Saterdag voor 'n stampvol saal opgetree het. Hierdie tipe toneelspel onderskei hom duidelik van die amateur.**

Nadat hulle die afgelope vakansie deur Suidwes-Afrika getoer het, het hulle „Die Drie van der Walts" in die Totius-gedenksaal opgevoer. Na hierdie opvoering van hulle word daar nie getwyfel aan die bekwame spelleiding wat uitgegaan het van mej. Renee Lubbe nie.

Onder die spelers kan daar amper nie uitgesonder word nie maar veral wil ons die name van Arrie de Beer (as Gert van Draad), Willem Coetzee (as Jan Potgieter) en Schalk Conradie (as Dr. Pilsen) noem. By hierdie spelers merk ons veral daardie natuurlikheid en gemaklikheid op die verhoog op. Ook moet hier genoem daardie vinnige, pittige sêgoed as daar byvoorbeeld iets buite beheer met die decor verkeerd loop.

As daar die name van dames genoem word, moet die naam van Marianne Smit (as Sofie „Maaiburk") genoem word — daardie tipiese stedeling.

Hierdie toneelstuk het veral baie aftrek in S.W.A. geniet deurdat dit deur 'n Suidwester (E. A. Schlengemann) geskryf is.


BESOEK

**DIE BULT HAARKAPPERS**

**Tomstraat 86B, Potchefstroom. — Telefoon 1486**

VIR HAARSNY

VIR EIENDOM

VIR HORLOSIEHERSTELWERK

VIR TABAK, PYPE, SIGARETTE EN ANDER BENODIGDHEDE

*Eienaar: G. Schoonhoven.*


# A.S.P.U.-konferensie

## Beter kontak tussen studentekoerante

**Op die konferensie van die Afrikaanse Studentepersunie (A.S.P.U.) wat gedurende die afgelope vakansie in Pretoria gehou is, is besluit om oor te gaan tot die uitgee van 'n koerant vir binne- sowel as buitelandse verspreiding en dat die koerant as die „S.A. Student" bekend sal staan.**

A.S.P.U. waarop die meeste Afrikaanse studentekoerante verteenwoordig is, poog om 'n beter skakeling tussen hulle te bewerkstellig en ook om die algemene tegniese standaard te verhoog. Gevolglik is verskeie uiters insiggewende referate gelewer oor die tegniese versorging van 'n koerant.

Daar is ook besluit oor die daarstelling van verskeie ander dienste wat van besondere nut sal wees, onder meer die uitruil van nuus en 'n sentrale foto-indeks om die uitgawe aan blokke vir die onderskeie koerante te verminder.

Die doel van die „S.A. Student" sal wees om inter-universitêre kontak te bevorder deur nuus van die verskillende sentra te plaas, en ook om die Afrikaanse student oorsee bekend te stel. Berigte oor tipiese studentebedrywighede soos Intervarsity sal byvoorbeeld geplaas word. Daar sal 15,000 eksemplare in Afrikaans gedruk word en 10,000 in Engels. Dié blad sal ook aan die Engelstalige universiteite in ons land gestuur word.

Die konferensie was uiters geslaagd, veral omdat dit die verteenwoordigers van die verskillende koerante in staat gestel het om mekaar te leer ken en om gedagtes te wissel.

# Konservatorium onderneem besondere toer

**'n Heel besondere musiektoer is vanjaar deur nege studente van die Musiekkonservatorium onder leiding van mnr. A. W. Wegelin, senior lektor in die departement musiek, onderneem.**

Die program „Sing en Speel" het bestaan uit solosang en kooruitvoerings begelei deur blokfluite en 'n groot verskeidenheid Orff-instrumente. Dit is opvallend dat by die aanbieding nooit van die klavier gebruik gemaak word nie.

Volgens mnr. Wegelin was die doel van die toergeselskap nie om 'n beeld te gee van die praktiese werk wat aan die Konservatorium beoefen word nie, maar in die eerste plek om die mense bewus te maak van die moontlikheid om met eenvoudige instrumente in die huis en met die huisgesin en vriende, musiek te maak. Tweedens om die Orff-instrumente by onderwysers bekend te maak vir gebruik in skole. Dit vereis nie altyd duur instrumente om goeie musiek te maak nie.

Die eerste helfte van die program het bestaan uit musiek uit die 16e eeu en tradisionele volksliedere uit verskeie lande. Mnr. Wegelin het die kore verwerk in verskillende stemme vir dié spesifieke groep.

Na pouse is 'n eenbedryf kameropera „Die Kortsluiting" met begeleiding van blokfluite en Orff-instrumente opgevoer.

Mnr. Wegelin en mnr. Henk Temmingh was vir die musiek verantwoordelik terwyl mnr. Wegelin ook die verhaal geskryf het. Hy was ook vir die afrigting van die deelnemers sowel as die organiseerwerk van die toer verantwoordelik. Mev. Wegelin het as reismoeder opgetree.

Die program was baie oorspronklik vanweë die instrumente wat gebruik is, en die toergeselskap het 'n baie hartlike ontvangs geniet op Hartswater, Kuruman, Postmasburg, Welkom en Sannieshof.

Weens die siekte van mnr. Henk Temmingh het die geselskap 'n paar dae later as die beplande datum vertrek en moes konserte op Sannieshof en Lichtenburg uitgestel word.

Op 3 Augustus het die groep 'n uitvoering in die Totiusgedenksaal gegee. Die goedafgewerkte koor, solos en orkesbegeleiding het getuig van goeie afrigting. Die sangers het hulle goed van hulle taak gekwyt en veral die solo-seunsopraan, Maarten Brits, het die harte van die gehoor gesteel. Die begeleiding van die opera was oorspronklik, maar die blokfluite word naderhand hinderlik en skril.

## BROSJURE OOR JEHOVA-GETUIES

Hierdie brosjure deur prof. S. P. van der Walt word vanjaar deur Korps se Publikasiekomitee aan alle belangstellendes beskikbaar gestel. Dit bevat 'n kort beskrywing van hierdie anti-christelike organisasie se ontstaan en ontwikkeling, asook 'n veroordeling van hul leer. Elke Christen en Calvinis moet hom op hoogte stel van ons standpunt teen hierdie verderflike organisasie. Die brosjure word te koop aangebied teen slegs 10 sent per stuk tydens Korps se algemene ledevergadering vanaand.

## DR. DU PLESSIS TERUG VAN EUROPA

In Januarie vanjaar het dr. P. G. W. du Plessis na Europa vertrek om 'n studie te maak van probleme en oplossings i.v.m. professionalisme en spesialisme in die wetenskap aan verskeie tipe universiteite.

In Nederland het dr. Du Plessis o.a. die naslaan-gegewens van die „Studiecentrum Universiteit en Evangelie" oor vraagstukke soos die plek en werksaamheid van die universiteit en die betekenis van die Evangelie vir Wetenskapsbeoefening en beroepsvervulling geraadpleeg. Hiernaas het hy klasse gevolg, seminaria, colloquia en simposia bygewoon oor studium generale en wysbegeerte aan die Vrije Universiteit (Amsterdam), Universiteit Leiden, Universiteit Utrecht, R.K. Universiteit Nijmegen.

In Engeland het dr. Du Plessis op die studietog ook die jong University of Sussex (1961) besoek „where science is not organized into segregated departments but into schools of study".

Dr. Du Plessis het verklaar dat van die kant van die studente in Wes-Duitsland 'n memorandum verskyn het waarin o.a. gestel word dat lesings ook grensprobleme tussen vakgebiede moet beklemtoon — 'n poging tot studium universale.

Die Du Plessisgesin het in Julie vanjaar weer in Kaapstad voet aan wal gesit.

# Alabama-toer aangenaam

**Dit was as gevolg van die verskeiden heid van karakters wat die Alabama-toer so besonder interessant gemaak het. Die besondere goeie gees onder die spelers was andermaal kenmerkend.**

Dit was 'n besonder aangename toer en die spelers kon selfs in die hartjie van die winter hulle oortollige energie by warmbronne soos Badplaas en Natal Spa uitbaljaar.

Die opkomste was oor die algemeen swak maar hiertoe het verskillende faktore bygedra. Eerstens kan genoem word die swak weersomstandighede in die toergebied en as gevolg hiervan was die mense by vakansieoorde. Dan was daar ook nog verskeie langnaweke toe daar opvoerings was en die mense weg was. Onvoorsiene omstandighede het ook hiertoe bygedra. Daar was egter plekke soos Louis Trichardt, Tzaneen, Badplaas en Pongola waar die sale volgepak was.

Die laaste opvoering van die groep was op 20 Julie op Winburg. Die hoogtepunt van die opvoerings was egter op die Puk waar Alabama op Donderdagaand 15 Augustus opgetree het.

Die doel van Alabama is om oorspronklike Afrikaanse kultuurwerke op die planke te bring.

„Deur Vier Wêrelddele" is deur 'n oud-Puk, mnr. Nesco du Toit geskryf. Mnr. Du Toit is tans op Klerksdorp woonagtig.

## Alabama voor goeie gehoor

**„Deur Vier Wêrelddele", die toerstuk van die Alabama, is Donderdagaand voor 'n groot en entoesiastiese gehoor in die Totiussaal opgevoer.**

Groot lof kom mnr. Nesco du Toit, die skrywer-komponis van die stuk toe. Alabama het alreeds in 1961 met hierdie stuk gaan toer, maar intussen is dit verbeter en verander.

Nick Enslin en Jan Louw was baie oortuigend in die hoofrolle en het die gehoor telkens laat skater met sêgoed wat sekerlik nie deel van die oorspronklike teks was nie. Marnus Roothman as Prospero, die towenaar, het baie van die belangrike dinge wat hy gesê het verlore laat gaan deurdat hy te vinnig en onduidelik gepraat het. Verder, in die toneelstuk self, het hy hom uitstekend van sy taak gekwyt.

Die koor het definitief die teenwoordigheid van Riekie Smith gemis, wat ongelukkig nie kon deelneem nie. Hettie Oosthuizen, wat in haar plek in die solosang opgetree het, het pragtig gesing, veral as in aanmerking geneem word dat sy omtrent geen oefening vooraf gehad het nie.

As geheel kan Alabama baie geluk gewens word met 'n bekoorlike aanbieding.



'n Toneeltjie tydens Alabama se toer. V.l.n.r.: mnr. Lowe, 'n Skotse kafee-eienaar, mnrr. M. Roothman en A. Enslin.

# Nuwe ontwikkeling vir die A.C.

Dr. P. J. Coetzee is onlangs benoem as Direkteur van die jong Calvinistiese Stigting, en binne die afsienbare toekoms sal die Afrikaanse Calvinistiese Beweging se wiele weer ywerig begin rol nadat dit 'n ruk lank stilgestaan het.

Hierdie Calvinistiese Stigting se Raad van Beheer bestaan uit 'n gelyke aantal lede van die kant van die A.C.B. en die P.U. vir C.H.O. Hiermee is 'n kontraktuele verband gelê tussen dié twee instansies wat o.a. die volle selfstandigheid van albei waarborg terwyl wedersydse steun moontlik gemaak word in die stryd ter verdere uitbouing van die krag van die Calvinisme in S.A.

Die A.C.B. het nog 'n groot roeping te vervul om die beginsels van die Calvinisme tot deurbraak te bring op alle lewensterreine. Hoewel die A.C.B. oor 'n aantal beproefde kragte beskik, moet dit nog verder versterk word deur die toevoeging van manne en vroue wat gekeur sal word. Soos in die verlede sal die A.C.B. dus uit *'n keurbende van oortuigde Calviniste bestaan, ongeag hul kerklidmaatskap.* Van so 'n soliede korps sal D.V. in steeds toenemende mate groot krag kan uitgaan.

Mag die trekpad van die nuwe skof van die A.C.B. slegs getuig van Gods seën!

— **Prof. Botha**

# Blank en nie-blank verskil grootliks.

**Tussen blank en nie-blank bestaan daar groot biologies-genetiese verskille as gevolg van verskillende toestande waaronder die onderskeie beskawings ontwikkel het nl. die koue streke en die warm tropiese streke.**

Die blanke ras het sy oorsprong gehad in 'n gebied wat hoë eise aan hom gestel het. Hy moes beplan vir koue winters, sorg vir warm klere en deur die duisende jare is by hom 'n plan vasgelê van doelmatigheid en beplanning. Met die naturel wat na alle waarskynlikheid sy ontstaan in die warm tropiese gebiede gehad het, was dit anders gesteld.

Oor kleding het hy hom nie in die hitte bekommer nie en voedsel was omtrent dwarsdeur die jaar verkrygbaar. Deur die jare het hy ontwikkel in 'n ras wat hom nie veel steur aan voorsiening en beplanning vir die toekoms nie.

Hierdie verklaring is verlede Maandagaand deur prof. Botha gedoen in sy voordrag oor rassegelykstelling, gesien vanuit 'n biologies-genetiese standpunt.

Prof. Botha het verder geskets oor hoe die verskeie omgewings tot gevolg gehad het 'n verskil in huidkleur, gesigsvorm, breinkapasiteit en ander kenmerke.

So het noukeurige studies wat in Amerika uitgevoer is aan die lig gebring dat die gemiddelde I.K. van die Neger laer is as die van die blanke Amerikaners.

Prof. Botha het gepleit vir verdere studie en navorsing in hierdie rigting en het daarop gewys dat uit sulke studies daar heel moontlik kan voortvloei 'n oplossing vir die rassevraagstuk; hetsy na die een of die ander kant toe. Hy het ook gesê dat daar deur integrasie slegs 'n verlaging van die huidige beskawingspeil bereik kan word.

„*LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . .*"
„*EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . .*"

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN

in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

## Aptekerstudente hou jaarvergadering

**Die Tiende Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudentefederasie is te Potchefstroom gehou, vanaf 1 tot 6 Julie 1963. Die vergadering, gehou in die Hoofgebousaal van die P.U. vir C.H.O., is bygewoon deur 45 afgevaardigdes van Kaapstad, Port Elizabeth, Durban, Johannesburg, Rhodes en Potchefstroom Universiteite.**

Die vergadering is gelei deur die president, mnr. Johan Offermeier, dosent in die Departement Farmasie aan die P.U. Die Potchefstroomse Aptekerstudentevereniging afvaardiging is gelei deur mnr. W. Bosman, en het bestaan uit die volgende: Mej. R. Meyer en mnrr. H. Boer, E. P. van der Westhuizen, J. J. van Wyk en A. du Preez. Ander P.U.Kaners teenwoordig was mnr. D. MacDonald, penningmeester van die S.A.A.S.F., mnr. M. Coetzee, verteenwoordiger van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika, mnr. L. Kusner, van die Publikasie Kontrole Sub-komitee van die S.A.A.S.F. en mnr. L. Ortlepp, waarnemer P.A.S.V., mnr. G. G. du Toit, 'n oud Puk-student, het die vergadering ook bygewoon.

Die amptelike opening van die Kongress is bygewoon deur, o.a., die burgemeester, rdl. H. L. Venter, mnr. G. P. Schoeman, asst.-registrateur van die P.U., mnr. F. S. Barrow, Registrateur van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie, mnr. J. B. Israelsohn, wie die president van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika verteenwoordig het, mnr. M. Singer, voorsitter van die Wes-Transvaalse tak van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika en mnr. G. J. v. N. Fourie, Sekretaris van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika.

Die Kongres is amptelik geopen deur prof. K. W. Gerritsma, Hoof van die Dept. Farmasie aan die P.U.

Besprekings en lesings is gedurende die week gehou, en sosiale funksies is ook gereël. Een van die hoogtepunte van die week was 'n besoek aan die P.U. deur die afgevaardigdes, en 'n uitstappie na 'n myn te Stilfontein. Twee amptelike dinees is gehou — een op die Woensdagaand gegee deur die Wes-Transvaalse tak van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika, in die Kings Hotel, en die ander op die Vrydagaand, gegee deur die Sana-Petersen-groep van Maatskappye, in die Buiteklub.

## DIRK HERBST HERKIES AS PRESIDENT

Mnr. Dirk Herbst, wat president van die A.S.B. vir die tydperk 1962—1963 was is op die afgelope kongres van die A.S.B. herkies as president vir die volgende termyn. Ons hartlike gelukwensing ook aan mnr. Herbst met die verkiesing.

# SKAAK

## KUNSFEESUITSLAE

Die volgende is die uitslae van die Pukke wat aan die kunsfees tydens die A.S.B.-kongres deelgeneem het:

- Kristie Jordaan: twee eerste en twee derde plekke in voordrag.
- Helena Nolte: twee eerste plekke in klavier.
- Annemarie Mirche: een eerste en een derde plek in voordrag.
- Andre Coetzee: Tweede individuele skaak.
- Gerhard Labuschagne: twee tweede plekke in voordrag.
- Coenie Nel: tweede plek in voordrag.
- Skaak wen span kompetisie.
- Puk koor behaal derde plek.
- Volkspelegroep behaal derde plek.
- Jurie Venter behaal twee eerste en een derde plek in kleurskyfies en Kristie Jordaan 'n tweede plek en Krige 'n derde plek.



Andre Coetzee van die Puk wen teen die Norries.

**DIE BULT APTEEK**

Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**KOLLEGE KAFEE**

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

Ons verskaf ETES

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**SUPERETTE**

Tomstraat 100

Potchefstroom

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

die Wapad

## STRYD NA BINNE EN NA BUITE

Die vyftiende Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond is van die verlede. Die Pers-, Fakulteits- en Opvoedkundigekonferensies en die kunsfees wat sy hoogtepunt bereik het met die kunsfees-konsert. Alles in ag geneem was dit 'n uiters suksesvolle kunsweek en kongres, gebou rondom die sentrale tema wat vanjaar bespreek is „Die Afrikaner Vandag".

Een ding is baie duidelik en dit is dat die Afrikanerstudente vandag meer as ooit tevore moet stry. Hy staan vandag teenoor vreemde elemente van buite wat steeds alle middele probeer om die Afrikaner onder te kry. Op politieke terrein kan die Afrikaner nie oorwin word nie. Nou word daar getrag om die Christelike karakter en stille Godsvertroue wat die enigste ware anker is, ook van die Afrikaner te ontneem. Hoe ver hulle daarin geslaag het in hulle doel is nie vir my nodig om hier verder te verduidelik nie.

Die grootste gevaar op die oomblik is egter die bedreiging wat die Afrikaner in sy eie geledere beleef. Hierin speel die wanbegrip van waardes 'n vername rol. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind van waardes wat essensieel is vir die voortbestaan van die Afrikaanse volk met sy kultuur na die dinge wat daarop gemik is om 'n aangename lewe te voer.

In die pers merk jy hierdie klemverskuiwing duidelik op. Selfs in die Afrikaanse pers is die Afrikanersaak nie meer die hoofsaak nie, maar val die klem op sensasie.

Dit is egter duidelik dat stryd en eenheid onder die Afrikaner nou meer as ooit nodig is. Ons gaan 'n donker toekoms in, waarin die druk al groter sal word. Indien ons nie ons roeping steeds voor oë hou nie, vrees ek vir die ergste.

## AFRIKAANSE STUDENTEBOND VYFTIEN JAAR OUD

Die Afrikaanse Studente Bond het gister sy vyftiende verjaardag gevier. Op 14 Augustus 1948 is die A.S.B. in Bloemfontein gestig met ds. C. V. van der Merwe as die eerste president.

Die groei van die verskillende sentra vir hoër onderwys is ook 'n weerspieëling van die groei van die A.S.B. Van 'n klein begin in 1948 het die A.S.B. gegroei tot die grootste studenteorganisasie in die land met meer as 23,000 lede.

Die A.S.B. het vandag 'n vastrapplek aan die meeste inrigtings vir hoër onderwys in die land met die uitsondering van Natal.

Deur die afgelope jare het die A.S.B. egter nie stilgesit nie. Jaarliks word daar kongresse gehou om sake van aktuele belang te bespreek. Verder het die A.S.B. wye kontakte aangeknoop in die buiteland waardeur Suid-Afrika ook propageer word.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Marius Aucamp. Telefoon 222.
Subredakteurs: Jan Bradley. Tel. X095 en Ghibeau Gerber. Tel. X041.
Nuusredakteur: Frank Laubscher. Tel. X068.
Sportredakteur: Hennie Viljoen. Tel. X068.
Rugby: Danie van Wyk. Tel. X041.
Varia: Susan Uys en Jan Bradley.
Kunsredaktrise: Marie Pienaar.
Interuniversitêr: Frans van der Walt.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

PRO REGE-PERS BEPERK

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497**
**H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431**
**POTCHEFSTROOM**

## In U Lig

### GEESTELIK OP DIEET

*„En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie" — Dan. 1 : 8.*

'n Mens kan jou dood eet. Inderdaad sterf meer mense aan oormatig eet as aan honger. Hulle gaan hulle te buite aan die vettigheid van die land totdat daar skielik 'n einde aan hulle genietinge kom. Dan word dit van die grootste belang vir hulle gesondheid, ja, selfs van lewensbelang, dat hulle op 'n dieet gaan.

Hierdie alledaagse verskynsel sou ons egter nie maklik in verband bring met die godsdienstige lewe nie. En tog is dit soms gebiedend noodsaaklik om ook in geestelike sin op dieet te gaan. Die jong seun Daniël het ons daartoe die weg aangewys.

In die derde jaar van koning Jojakim het Nebukadnesar van Babel Jerusalem beleër en tot oorgawe gedwing. Al wat hy as buit na Babel weggevoer het, is 'n deel van die tempelskatte en 'n aantal jongmanne, eintlik nog maar seuns, „uit die koninklike geslag sowel as uit die edeles". Waarom, sou 'n mens vra, gaan Nebukadnesar al die moeite en onkoste aan vir so 'n skrale buit? Dit is tog 'n grootskaalse verspilling van tyd! Ja, dit was. Maar Nebukadnesar het nie so gedink nie, en as sy plan geslaag het sou dit inderdaad die moeite en die tyd werd gewees het.

Wat was dan Nebukadnesar se plan? Hy het 'n driejaarplan uitgedink waardeur hy die volk van Juda sonder slag of stoot sou oorwin. Sy plan het kortliks daarop neergekom dat hy van die Israeliete Babiloniërs wou maak — Babiloniërs in alle opsigte. Al wat hy nodig gehad het, was 'n aantal seuns uit die vooraanstaande families — die leiers van die toekoms! En dit het hy ook gekry. Die aanvang van sy plan was dus heeltemal geslaagd.

Die jong seuns sou hy dan vir drie jaar opvoed soos hy dit beplan het. Eers sou hulle weer as leiers van die toekoms hulle eie mense gaandeweg kon oorhaal tot die Babiloniese leefwyse, die Babiloniese taal, die Babiloniese godsdiens. 'n Plan deur Satan geïnspireer!

Geen wonder dat Nebukadnesar die seuns goed behandel het nie. Hy het sy eie paleis ter beskikking gestel; slegs die beste leermeesters, slegs die beste voedsel. Sy plan mag net eenvoudig nie misluk nie.

Maar toe kom een van die seuns met 'n eienaardige versoek: hy wil nie van die voedsel eet wat Nebukadnesar voorgeskryf het nie; hy en sy drie vriende verkies groente en water. Dit lyk so al asof Daniël nie geweet het waarom dit gaan nie. Hy het nie beswaar gemaak toe sy eg-Israelitiese naam verander is in 'n eg-Babiloniese naam nie; hy het nie daarteen beswaar gehad om die Babiloniese taal en wetenskap aan te leer nie. Dog nou maak hy beswaar teen die spyskaart van Nebukadnesar!

En tog, as ons die versoek mooi bekyk, het Daniël heeltemal korrek gehandel. Met hierdie versoek toon hy dat hy nog vashou aan sy God en aan sy godsdiens. Want dit is presies waarom dit hier gaan. Hy wil nie afwyk van die voorgeskrewe spyswette van Israel nie, want dan verlaat hy sy God. Dit is dus vir Daniël 'n beginselsaak.

Daarom besluit hy om op dieet te gaan: geen vleis of wyn nie, slegs groente en water.

Met hierdie versoek van Daniël het Nebukadnesar se hele plan misluk.

Hierdie Skrifgedeelte spreek tot ons as studente 'n besondere woord van waarskuwing. Dit maak ons oë oop vir die gevare wat so goed verskuild vir ons lê en wag. Satan maak van subtiele metodes gebruik om jongmense te verlei. Hy kom nie met dwangmaatreëls en openlike aanvalle nie. Daarom moet ons so dubbel versigtig wees. Die verleidinge van die wêreld is soms so sterk. Die Intervarsity is voor die deur, en dit bring ook weer sekere verleidelikhede op die voorgrond. Om maar net twee te noem: drankmisbruik en die dansbaan. Waar dit hierdie dinge aangaan, moet dit vir ons 'n beginselsaak word. Satan wil ons so graag wêreldgelykvormig maak. Soos hy eenmaal van die Israeliete Babiloniërs wou maak, so wil hy nog steeds van die gelowiges wêreldlinge maak.


Uit eie krag kan ons die versoekinge nooit weerstaan nie. Ons kan ons egter altyd in die gebed wend tot Hom wat ook eenmaal voor dieselfde versoeking gestaan het. Toe Hy veertig dae sonder kos in die woestyn deurgebring het, het Satan Hom versoek deur Hom te vra om van die klippe brode te maak. Maar Jesus Christus het staande gebly en vir ons dié reël vasgelê: „Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Luk. 4 : 4).

Alleen met die oog gevestig op Hom, ons Leidsman, en met die Woord van God in die hand kan ons ons Christelike beginsels handhaaf. Dan sal ons die krag ontvang om die aanloklike feesmaal van die wêreld te versmaai en geestelik op 'n dieet te gaan.

A. G.P.van der Walt.

# VAKATURES

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP



**SALARISSKALE**

| | Mans | Dames |
|---|---|---|
| M + 1 — | R1206 × 102—1920 × 120—2760 | R1020 × 60—1440 × 84—2280 |
| M + 2 = | R1308 × 102—1920 × 120—2880 | R1140 × 60—1440 × 84—2280—2400 |
| M + 3 — | *R1512 × 102—1920 × 120—3000 | *R1320 × 60—1440 × 84—2280 × 120—2520 |
| M + 4 — | *R1716 × 102—1920 × 120—3360 | *R1440 × 84—2280 × 120—2880 |
| M + 5 = | *R1920 × 120—3600 | *R1692 × 84—2280 × 120—3120 |
| M + 6 — | *R2160 × 120—3840 | *R1860 × 84—2280 × 120—3360 |

** = A-salarisskale wat een kerf hoër is as die minimum en maksimum hierbo aangedui.*
*M = Matriek. 1 tot 6 = jare opleiding na M.*

## I. ONDERWYSERS

1. *Amptelike Tale:* Hoër Tegniese Skole, Randfontein (2), Krugersdorp, Wolmaransstad, Potchefstroom, Benoni, Oude Molen (Kaapstad), Pretoria-Tuine, Brakpan, Rustenburg, Hoër Handelskool, Belgravia (Johannesburg); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Tegniese Kolleges, Germiston; Oos-Londen, Pietermaritzburg.
2. *Amptelike Tale (Handelsvakke 'n aanbeveling):* Tegniese Kollege, Kroonstad.
3. *Afrikaans:* Hoër Tegniese Skole, Krugersdorp (2); Langlaagte (2); Worcester; Port Elizabeth; Oudtshoorn; Witbank; Benoni (2); John Orr (Johannesburg) (3); Kroonstad (2); Pietersburg (3); Oude Molen (Kaapstad); Brakpan; Glencoe; Upington; Pretoria-Tuine; Hoër Handelskole, Rustenburg; Ermelo; Benoni; Hoër Handel- en Tegniese Skole, Brakpan; Hoër Tegniese- en Handelskool, Alberton; Tegniese Kolleges, Oos-Londen; Kimberley (2); Nywerheidskool, King William's Town; Constantiaskool (Retreat) (Verbeteringskool).
4. *Afrikaans (Wiskunde en/of Handelsvakke 'n aanbeveling):* Tegniese Kollege, Kroonstad.
5. *Engels:* Hoër Tegniese Skole, Brakpan, Krugersdorp (2), Wolmaransstad (2), Langlaagte (3), Worcester (2), Port Elizabeth, Rustenburg, Witbank, Benoni (2), Middelburg Tvl. (2), John Orr (Johannesburg), Kroonstad (2), Pietersburg (3), Oude Molen (Kaapstad), Glencoe, Upington, Pretoria-Tuine; Hoër Handelskole, Rustenburg, Ermelo, Springs; Hoër Handelsen Tegniese Skole, Brakpan, Vereeniging (3), Carletonville; Hoër Tegniese- en Handelskool, Alberton (2); Tegniese Kolleges, Oos-Londen, Kimberley (2), Pietermaritzburg.
6. *Wiskunde:* Hoër Tegniese Skole, Benoni (2), Middelburg Tvl., Kroonstad, Pretoria-Tuine.
7. *Wetenskap:* Hoër Tegniese Skole, Langlaagte, Benoni (2), Middelburg, Tvl., Kroonstad, Oude Molen (Kaapstad), Pretoria-Tuine.
8. *Wiskunde en Wetenskap:* Hoër Tegniese Skole, Rustenburg, Krugersdorp, John Vorster (Pretoria), Wolmaransstad, Langlaagte, Port Elizabeth (2), Oudtshoorn, John Orr (Johannesburg), Brakpan (3), Glencoe (2), Upington (2); Hoër Tegniese- en Handelskool, Alberton; Tegniese Kollege, Kimberley; Hoërskool J. J. Serfontein, Queenstown (Nywerheidskool).
9. *Wiskunde (Amptelike Tale 'n aanbeveling):* Hoër Handelskool, Discovery; Vaalrivier-nywerheidskool, Standerton.
10. *Wiskunde (Handelsvakke 'n aanbeveling):* Hoër Tegniese Skool, Pietersburg; Hoër Handelskole, Paarl, Oudtshoorn, Krugersdorp, Springs, Discovery, Benoni; Hoër Handel- en Tegniese Skool, Boksburg; Tegniese Kollege, Pietermaritzburg.
11. *Ingenieurstekene:* Hoër Tegniese Skole, Potchefstroom, Benoni, John Orr (Johannesburg), Brakpan, Pretoria-Tuine, Rustenburg.
12. *Meganiese Ingenieurswese (Ketelmakery 'n aanbeveling) (V):* Hoër Tegniese Skool, Vanderbijlpark.
13. *Masjienbou en Tekene:* Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging.
14. *Pas- en Draaiwerk, Sterkteleer, Masjienontwerp (V):* Hoër Handel- en Tegniese Skool, Brakpan.
15. *Meganiese Ingenieurswese (V):* Hoër Tegniese Skool, Vanderbijlpark; Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Tegniese Kollege, Germiston; Vakleerlingskool, Krugersdorp.
16. *Elektrotegniese Ingenieurswese (V):* Hoër Tegniese Skool, Vanderbijlpark, Hoër Handel- en Tegniese Skole, Vereeniging, Klerksdorp; Tegniese Kollege, Oos-Londen; Vakleerlingskool, Springs (2).
17. *Liggaamlike Opvoeding:* Hoër Tegniese Skole, John Orr (Johannesburg), Brakpan, Upington; Tegniese Kollege, Oos-Londen; Nywerheidskool, Diskobolos.
18. *Liggaamlike Opvoeding (Wiskunde 'n aanbeveling):* Hoër Tegniese Skool, Vanderbijlpark; Hoër Handelskool, Rustenburg; Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Nywerheidskool, King William's Town.
19. *Liggaamlike Opvoeding (Amptelike Tale 'n aanbeveling):* Hoër Tegniese Skole, Ficksburg, Langlaagte, Port Elizabeth, Adelaide; Hoër Handelskool, Oudtshoorn; Tegniese Kollege, Kimberley.
20. *Handelsvakke:* Hoër Tegniese Skool, Upington (2); Hoër Handelskole, Bethlehem (2), Rustenburg, Paarl, Tygerberg (Parow-Oos), Parktown (Johannesburg); Hoër Handel- en Tegniese Skole, Brakpan, Boksburg (2), Carletonville; Tegniese Kollege, Kimberley.
21. *Handelsreg, Boekhou, Ekonomie:* Hoër Handelskool, De Villierstraat (Johannesburg); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Hoër Tegniese en Handelskool, Alberton.
22. *Boekhou, Handel, Ekonomie:* Hoër Handelskole, Parktown (Johannesburg), Parkstraat (Pretoria) (3), Springs, Benoni, De Villierstraat (Johannesburg).
23. *Boekhou, Handel, Tikskrif:* Alexanderfonteinskool vir Epileptici, Diskobolos.
24. *Handel:* George Hofmeyr-nywerheidskool, Standerton.
25. *Tikskrif, Snelskrif (A en E):* Tegniese Kollege, Worcester.
26. *Burgerleer:* Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging.
27. *Primêre Vakke:* Elizabeth Conradieskool vir Liggaamlike-afwykendes, Diskobolos.
28. *Musiek:* Tegniese Kollege, Bloemfontein.
29. *Sielkundige:* Nywerheidskole, King William's Town, J. W. Lückhoff (Heidelberg, Tvl.), Emmasdal (Heidelberg, Tvl.), Rustenburg; Elizabeth Conradieskool vir Liggaamlik-afwykendes, Diskobolos; Constantiaskool, Retreat (Verbeteringskool).
30. *Handelskuns:* Kunsskool, Johannesburg.

## II. ONDERWYSERESSE

31. *Amptelike Tale:* Hoër Tegniese Skole, Randfontein, Pietersburg, Upington; Hoër Handelskole, Springs, De Villiersstraat (Johannesburg); Tegniese Kolleges Germiston, Kimberley (2); Tegniese Instituut, Uitenhage; Kollege vir Handel, Huishoudkunde en Kuns, Stellenbosch; Hoër Huishoudskole, Hartbeespoort, Zastron, George; Nywerheidskole, George Hofmeyr (Standerton), Tempe (Bloemfontein).

32. *Amptelike Tale, Spraakopleiding en Houding:* Tegniese Kollege, Germiston.

33. *Afrikaans:* Hoër Handelskole, Parkstraat (Pretoria) (2), Discovery; Hoër Handel- en Tegniese Skole, Vereeniging, Klerksdorp; Tegniese Kolleges, Bloemfontein, Oos-Londen, Kimberley, Pietermaritzburg; Hoër Huishoudskool, Riebeek-Wes.

34. *Afrikaans en Boekhou:* Hoër Huishoudskool, Zastron.

35. *Engels:* Hoër Tegniese Skool, Witbank; Hoër Handelskole, Bethlehem, Parkstraat (Pretoria), Tygerberg (Parow-Oos), Parktown (Johannesburg), Krugersdorp (2), Ermelo, Potchefstroom, Springs, Benoni, De Villiersstraat (Johannesburg) (2); Hoër Handel- en Tegniese Skole, Brankpan, Vereeniging; Tegniese Kolleges, Bloemfontein, Kroonstad, Oos-Londen, Worcester, Kimberley, Pietermaritzburg (2); Hoër Huishoudskole, Potchefstroom (2), Riebeek-Wes (2), Bethlehem, Adelaide; Nywerheidskole, George Hofmeyr (Sanderton), Tempe (Bloemfontein), H. S. van der Walt (Paarl).

36. *Engels (Spraakopleiding en Houding aanbeveling):* Hoër Handelskool, De Villiersstraat (Johannesburg).

37. *Liggaamlike Opvoeding:* Hoër Handelskole, Krugersdorp, Ermelo, Discovery, De Villiersstraat (Johannesburg) (2); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Tegniese Kollege, Pietermaritzburg; Nywerheidskole, George Hofmeyr (Standerton), Tempe (Bloemfontein).

38. *Liggaamlike Opvoeding (Fisiologie 'n aanbeveling):* Hoër Huishoudskole, Riebeek-Wes, George, Christiana, Adelaide; Nywerheidskole, Die Vlakte (Standerton), Oudtshoorn.

39. *Liggaamlike Opvoeding (Matesis 'n aanbeveling):* Tegniese Kollege, Worcester.

40. *Liggaamlike Opvoeding (Amptelike Tale 'n aanbeveling):* Hoër Handelskool. Parktown (Johannesburg); Hoër Handel- en Springs; Tegniese Kolleges, Kroonstad, Bloemfontein; Hoër Tegniese Skole, Randfontein, Witbank; Schoemansdal-Nywerheidskool. Mara (naby Louis Trichardt).

41. *Liggaamlike Opvoeding (Handelsvakke 'n aanbeveling):* Hoër Handelskole, Paarl, Bethlehem, Parktown (Johannesburg), Tegniese Skole, Boksburg, Carletonville; Tegniese Kollege Kimberley; Hoër Huishoudskool, Bethlehem; Hoërskool H. S. van der Walt, Paarl (Nywerheidskool).

42. *Tikskrif en Snelskrif (A en E):* Hoër Handelskole, Belgravia, Bethlehem, Parkstraat (Pretoria) (3), Rustenburg (2), Tygerberg (Parow-Oos), Potchefstroom (2), Springs (2), Discovery, Benoni, De Villiersstraat (Johannesburg) (2); Hoër Handel- en Tegniese Skole, Brakpan (3), Klerksdorp (4), Carletonville; Tegniese Kolleges, Bloemfontein (4), Kroonstad, Germiston (3), Oos-Londen (4), Worcester (2), Kimberley; Kollege vir Handel, Huishoudkunde en Kuns, Stellenbosch; Tegniese Instituut, Uitenhage; Hoër Hegniese Skole, Pietersburg (2), Upington (2).

43. *Tikskrif:* Hoër Handelskole, Tygerberg (Parow-Oos), De Villiersstraat (Johannesburg); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Tegniese Kollege, Germiston; Nywerheidskole, George Hofmeyr (Standerton), Tempe (Bloemfontein).

44. *Tikskrif en Handel:* Tempe Meisieskool, Bloemfontein (Nywerheidskool).

45. *Snelskrif (A en E):* Hoër Handelskole, Ermelo, Benoni (2); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Brakpan; Tegniese Kollege, Bloemfontein; Hoër Tegniese Skool, Randfontein.

46. *Snelskrif (A) en Tikskrif:* Hoër Handelskole, Parktown (Johannesburg), Ermelo; Hoër Handel- en Tegniese Skool, Vereeniging; Hoër Tegniese Skole, Randfontein, Witbank.

47. *Snelskrif (E) en Tikskrif:* Hoër Handelskole, Parkstraat (Pretoria), De Villiersstraat (Johannesburg); Hoër Handel- en Tegniese Skool, Boksburg; Tegniese Kolleges, Oos-Londen, Kimberley; Hoërskool H. S. van der Walt, Paarl (Nywerheidskool); Hoër Tegniese Skool, Witbank.

48. *Handelsvakke:* Hoër Handelskole, Paarl, Discovery; Hoër Tegniese- en Handelskool, Alberton; Tegniese Kolleges, Kimberley, Pietermaritzburg (2), Germiston.

49. *Boekhou, Tikskrif en Rekenkunde:* Hoër Huishoudskole, Potchefstroom, George.

50. *Fisiologie:* Hoër Huishoudskole, Riebeek-Wes, Hartbeespoort; Nywerheidskole, George Hofmeyr (Standerton), Tempe (Bloemfontein) (2).

51. *Primêre Vakke:* Hoër Huishoudskool, Potchefstroom; Nywerheidskole, Die Vlakte (Standerton) (2), Oudtshoorn, Eendragskool (Ladybrand) (2); Elizabeth Conradieskool vir Liggaamlik-afwykendes, Diskobolos (3), Alexanderfonteinskool vir Epileptici, Diskobolos (2).

52. *Huishoudkundige Vakke:* Kollege vir Handel, Huishoudkunde en Kuns, Stellenbosch; Hoër Huishoudskole, Potchefstroom (4), Riebeek-Wes (4), George (3), Christiana (3), Hartbeespoort (2), Bethlehem, Adelaide (3); Nywerheidskole, Die Vlakte (Standerton) (4), George Hofmeyr (Standerton) (2), Tempe (Bloemfontein) (3), Eendrag (Ladybrand) (2), Daeraad (Wolmaransstad), Schoemansdal (Mara — naby Louis Trichardt) (6), Oudtshoorn (2); Elizabeth Conradieskool vir Liggaamlik-afwykendes, Diskobolos; Instituut vir Meisies, Durbanville (Verbeteringskool) (2).

53. *Musiek:* Tegniese Kollege, Oos-Londen.

54. *Spraakopleiding en Voordrag (Afrikaansmedium):* Tegniese Kollege, Oos-Londen.

56. *Fisioterapeut:* Elizabeth Conradieskool vir Liggaamlike-afwykendes, Diskobolos (2).

57. *Arbeidsterapeut:* Elizabeth Conradieskool, Diskobolos (2).

58. *Spraakterapeut:* Elizabeth Conradieskool, Diskobolos.

59. *Sielkundige:* Nywerheidskole, Die Vlakte (Standerton), George Hofmeyr (Standerton), Ladybrand, Oudtshoorn; Instituut vir Meisies, Durbanville (Verbeteringskool).

60. *Kindertuin:* Alexanderfonteinskool vir Epileptici, Diskobolos.

61. *Kleuteronderrig:* Hoër Huishoudskole, Potchefstroom, George; Barklyhuis Opleidingskollege vir Kleuteronderwyseresse, Claremont; Opleidingskollege vir Kleuteronderwyseresse, Johannesburg.

*Verduideliking:*

(a) Die syfers tussen hakies dui op die getal vakatures by die betrokke skool.

(b) „V" dui op 'n vakature in 'n vakleerlingskool of vakleerlingafdeling van 'n skool.

(c) „A" — Afrikaans.

(d) „E" — Engels.

*Notas:*

(i) Spesiale nie-pensioendraende toelae van R100 en R80 per jaar betaalbaar aan mans en dames onderskeidelik by nywerheidskole, die Alexanderfonteinskool, die Elizabeth Conradie-skool, die Constantia-skool en die Instituut vir Meisies.


(ii) *Aanvangsalaris:* Volgens kwalifikasies en ondervinding.

(iii) *Ander voorregte:*
- (a) Vervoer van persoonlike besittings en huishouding;
- (b) Vakansieverlof 14 dae per jaar;
- (c) Siekteverlof 90 dae volle en 90 dae halwe betaling in tydkring van drie jaar;
- (d) Langverlof elke vyf jaar;
- (e) Spoorwegkonsessies;
- (f) Uitstekende pensioenfonds;
- (g) Vakansiebonus.

(iv) *Uitstekende bevorderingsgeleenthede.*

(v) *Aansoeke (gebruik vorm U.E. 43) en navrae aan:* Die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Privaatsak 122, (Oranje-Nassaugebou 2133), Pretoria. Aansoekvorms U.E. 43, verkrygbaar van die Sekretaris se kantoor en ook van enige van die skole.

(vi) *Sluitingsdatum:* 20 Augustus 1963.



'n Argitekstekening van die Ontspanningsaal wat eersdaags sal verrys.

# Dameshokkiespan klop Pote baie oortuigend

**Saterdagmiddag 10 Augustus het die Puk-dameshokkiespan hul mooi vertoning van die inter-universitêre toernooi gehandhaaf deur Pote se eerste span met 3—0 kaf te draf.**

Hierdie wedstryd wat as voorwedstryd van die Puk vs. Batavieren-wedstryd gedien het, was besonder hard. Dit was veral die Puk se groter fiksheid wat die deurslag gegee het. Hul het op die aanval geboer en was in alle opsigte die Pote se meerderes en het gevolglik die patroon van die wedstryd aan hul gedikteer.

Dis darem verblydend om te sien dat ons nog een sportsoort het waarin ons ons swart bure kan klop!

Buddy Howell (2) en Elrien van Deemter het vir die doele gesorg.


# na aksie.. satisfaksie




vol–ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK LIMITED.


# Geslaagde Kuns-uitstalling gehou

**'n Uiters geslaagde kunsuitstalling is verlede week in die personeelkamer van die Ferdinand Postma-biblioteek gehou waartydens die werke van vooraanstaande kunstenaars vertoon is.**

Ondermeer is die werke van Nico van Rensburg, Petro van der Walt en Katinka Kempff uitgestal. Veral treffend was die gehalte van die stillewes deur Nico van Rensburg. Sy matige maar treffende gebruike van kleure beklemtoon die hoogstaande gehalte van hierdie werke.

Petro van der Walt se muurpanele het veral die aandag getrek. Hierdie jong kunstenares se werke spreek van klassieke eenvoud.

Katinka Kempff was die mees onkonvensionele van die drie. Tog maak sy ook van die resep van eenvoud gebruik.

Oor die algemeen was die uitstalling egter grootliks geslaag.



In die skrums het dit soms hard gegaan

## „EENHEID" VERSKYN

Tydens die afgelope vakansie het die eerste uitgawe van „Eenheid", die publikasie van die A.S.B., verskyn. Die boekie bevat interessante artikels deur die verskillende hoofbestuursledes wat die taak en die aard van die A.S.B. uiteengesit het.

## PUK EN POTE IN STUDENTEVARIA

Op die 28e Augustus vind 'n interessante debat plaas tussen Puk en Pote wat oor „Studentevaria" uitgesaai sal word.

Pukke, julle word opgewek om ondersteuning te kom verleen. Kom en vul die Studente-

# Puk verloor teen Pote in swak wedstryd

**In 'n wedstryd wat nooit enige hoogtepunte opgelewer het nie, het die span van Pote Saterdag die eerste span van die Puk met vyftien punte teen ses verslaan. Die telling was egter geen getroue weergawe van die verloop van die spel nie aangesien Pote beslis nie verdien het om so ver te wen nie.**

Die wedstryd is gekenmerk deur harde vaste voorspelerspel en rotsvaste verdediging deur die agterspelers van beide spanne. Van hardlooprugby was daar egter geen sprake nie.

Vir die Pukke het die voorspelers andermaal 'n mooi vertoning gelewer, met Jona Viljoen, Koos du Plessis en Koos Hattingh op die voorpunt. Die wedstryd het egter bewys dat Solly van Vuuren geen voorrydrukker is nie.

### Visser skitter

Onder die agterspelers het Hannes Visser op vleuel geskitter en sy Wes-Transvaalse teenstander, Lieb van Rensburg, geheel en al oorrompel.

Gieter van der Walt en Gerrit Scholtemeijer het ook goed vertoon.

Die Puk se punte is aangeteken deur Spekkies de Villiers en Jona Viljoen.

'n Groot slag het die Puk in die wedstryd getref toe Koos Hattingh beseer is in 'n botsing met Jimmy Pohl. Hy sal waarskynlik nou nie Saterdag kan speel nie.


**Onthou 3091**

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!

**ARCADIA HAARKAPPERS**

KERKSTRAAT 81

★

Onder nuwe bestuur

★

Spesiale pryse vir studente

★

**PROTEA APTEEK**

FOON 1269

★ Fotografiese benodigdhede

★ Helene Rubenstein Skoonheidsalon

★ Trou- en verjaarsdaggeskenke

★ Baba-afdeling *vir teatergrimering*

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

# Transvalia Meubels

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

**NET DIE DING VIR U**

**VLEISPASTEITJIES MET TAMATIESOUS . . .**

Turkstra BAKKERY

# Hokkietoernooi groot sukses

**Die agttiende inter-universitêre hokkietoernooi wat die afgelope vakansie op die P.U.-bane gehou is, was 'n reuse sukses. Hoewel die Pukspanne nie onder die voorbokke geëindig het nie, het hulle hulle goed van hulle taak gekwyt.**

Die Puk-dames veral het hulle self goed gehandhaaf. Teen Maties het hulle geseëvier met twee doele teen een. Die wedstryd teen Natal was ietwat vreemd vir die Puk-dames aangesien die wedstryd op 'n grasbaan gespeel is waaraan die Pukke nie gewoond was nie. Nogtans was die Pukke ongelukkig om met twee doele teen een te verloor.

Die middag het die dames teen Rhodes gespeel maar die uitputting het begin tel en het die dames met sewe doele teen drie verloor.

Teen Kaapstad was dit dieselfde geval en kon die tam Pukke nie die pas teen die Ikeys volhou nie en is met ses doele teen nul verslaan.

Die Kovsies het egter hulle rieme styf geloop en is met vier doele teen een verslaan. Teen Tukkies het die Pukke egter weer met 2—0 verloor. Die laaste wedstryd teen Wits is ook met 2—1 verloor.

Skitterende spel is weereens gelewer deur Buddy Howell wat die Proteaspan gehaal het. Verder het Greta van der Merwe baie goeie spel gelewer asook Esti Martins, Elrine van Deemter en Marianne Serfontein.

### LANDLOOPSPAN EINDIG VYFDE

Die landloopspan van die Puk wat uit vier lede bestaan het, het die afgelope vakansie tydens die kampioenskappe van die Suid-Afrikaanse universiteite die vyfde plek behaal uit die nege spanne wat deelgeneem het.

Jurg van der Walt het die beste van die Puk gevaar en is ook gekies vir die S.A.U.-landloopspan. Hy moes hom egter later van die span onttrek weens akademiese redes.

'n Ander atleet wat ook baie goed vertoon het was Leendert Snyman wat die veertiende plek uit die sewentig deelnemers verower het.

# Dames in aksie.



In een van die beste hokkiewedstryde wat in 'n lang tyd in Wes-Transvaal gesien is, het die Batavieren, die Nederlandse studente-toerspan Saterdag 'n oorwinning van 5—1 oor die Potchefstroomse Universiteit behaal.

Die besoekers wat Woensdag teen U.P. nog nie heeltemal op stryk was nie, het op Potchefstroom met uitstekende vorm voor die dag gekom en hul meesterskap in alle afdelings van die spel bewys.

Die Nederlanders se stokwerk, posisionele en samespel was uitnemend, terwyl B. Donker as doelwagter uitgeblink het.

Onder die Pukke het R. Stotesbury op die verdediging goed vertoon en F. de Beer telkens met goeie spel die oog gevang.

J. van der Hagen en A. Deutman het die Nederlanders se ander doele aangeteken en G. Snyman die Pukkies se enigste.

### TAFELTENNIS-KAMPIOENSKAPPE HOOGSTAANDE

Verlede Saterdag het die tafeltennisklub sy jaarlikse kampioenskappe gehou. Verskeie bekende spelers wat hoog op die S.A.-keurlys is, het deelgeneem. Die uitslae was as volg:
Mans-enkel: W. Schulze.
Mansdubbel: Schulze en Waters.
Dames-enkel: M. Davies.
Gemengde-dubbel: Shulze en Davies.

# Meer simpatie vir Suid-Afrika in sommige kringe.

**Prof. dr. T. T. Cloete, hoogleraar in Afrikaans-Nederlands en hoof van die Departement Kunsgeskiedenis en -waardering en Frans aan die Potchefstroomse Universiteit, is pas terug nadat hy vier maande aan die Stedelike Universiteit in Amsterdam en twee maande aan die Universiteit Oxford in Engeland gestudeer het.**

Prof. Cloete het die twee universiteite hoofsaaklik besoek met die doel op bestudering van ou manuskripte.

Prof. Cloete verklaar dat die antipatie teen Suid-Afrika in sommige kringe tans sterker is as met sy vorige besoek tien jaar gelede.

### Simpatie

Aan die ander kant is daar ook weer meer simpatie veral in sekere Nederlandse en Engelse koerante.

Mev. Cloete en hul twee jongste dogtertjies het prof. Cloete vergesel, terwyl die drie ouer seuns by familie in Suid-Afrika gebly het.

Prof. en mev. Cloete het aan die begin van Julie per boot na Suid-Afrika teruggekeer. Voordat hulle egter na Potchefstroom gekom het, het hulle eers by familie in Oos-Transvaal en Noord-Vrystaat gekuier.

# Piet Goossen buit beker

## *Pukke vaar goed op toernooi.*

**Die beker vir die mees wetenskaplike stoeier op die S.A.U.-kampioenskappe sowel as die beker vir die liggewigkampioen is vanjaar deur Piet Goossen van die Potchefstroomse Universiteit gewen.**

Op die kampioenskappe wat gedurende die afgelope vakansie te Stellenbosch plaasgevind het, het Piet aan ses gevegte deelgeneem waarvan hy al ses met valle gewen het.

Hierdie onderskeiding is die gevolg van harde en gereelde oefening en op die dinee wat na die kampioenskappe plaasgevind het, het die Westelike Provinsie se organiseerders met groot lof van Piet gepraat as die stoeier wat hom „onderskei" het in al die gevegte. Goossen het die aand toe daar teen die span van die Westelike Provinsie gestoei is, slegs met punte teen Springbok Geldenhuys verloor.

Die volle span wat aan die Suidwes - Transvaal - kampioenskappe gaan deelneem is nog nie bekend nie.

Nieteenstaande die feit dat Piet tien pond gewig moes verloor het om as liggewig in te weeg, het hy hierdie prestasies behaal.

Op 24 Augustus sal hy gaan deelneem aan die Suidwes-Transvaal-kampioenskappe en ons wens hom alle sukses toe.

Leon Wolmarans (weltergewig) en Frank Laubscher (liggewig) het egter minder goed gevaar op dieselfde kampioenskappe. Van Wolmarans word daar nog veel verwag maar Laubscher sal nie meer stoei nie aangesien hy hom meer op atletiek wil toespits.

# Vorder fluks met Pote se nuwe Sportterrein

Die vordering met die uitlê van die nuwe sportveld van die Potchefstroomse Onderwyskollege langs die Mooirivier is verbasend, het die waarnemende rektor dr. F. W. Leuschner gesê.

Die agt permanente tennisbane nader vinnig voltooiing en sal eersdaags gebruik kan word. Die werk aan die ander sportvelde vorder eweneens fluks.

Sodra die sportvelde voltooi is, word 'n pawiljoen, 'n verversingslokaal en ander geboue opgerig.

Daarna sal die terrein met bome en sierstruike verfraai word.

**GISELA MAIWALD**
**Fotograaf**

★

Die fotograaf vir realistiese portretstudies

★

Tomstraat 100 — Potchefstroom

Foon 3099

*Cachet Modes*

**(EDMS.) BPK.**

**TOMSTRAAT 92** **TELEFOON 1389**

**POTCHEFSTROOM**

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

# Gerrit Scholtemeyer vertoon goed

## Rugbyspan oortref homself.

deur Hans van Zijl

**Nadat dinge vanjaar in die Wes-Transvaalse liga net nie wou kliek nie, het die Rugbyklub tog die stoute skoene aangetrek om vanaf 1—15 Julie 'n strawwe toer deur Noordoos-Kaapland, die Oostelike Provinsie en Grens te onderneem. Teen die algemene verwagting in, was dit die mees geslaagde toer in baie jare.**

Vier uit die vyf wedstryde is gewen terwyl een wedstryd met slegs 'n enkele punt verloor is.

Sommige „junior" spelers se spel het op die toer verbasend verbeter, veral Gerrit Scholtemeijer (hy moet net sy verdediging opknap), P. S. V. van der Walt, Hannes Visser, Dries de Wet, Koos Erasmus en Dave Tromp. In dieselfde asem moet ook die konstante goeie vertonings van die beproefde strydrosse Piet Bingle, Jan Kruger (slot), Jona Viljoen, Kokie van der Walt, Spekkies de Villiers en Koos du Plessis vermeld word. Koos Hattingh, Danie van Wyk (O. 19), Dries Redelinghuys en Joof Otto het by tye tekens van vaardigheid getoon, maar oor die algemeen bietjie teleurgestel. Johan Aucamp en Eugene Kruger (O. 19) kon weens vroeë beserings nie hulle beste lewer nie. Eugene het egter in die laaste wedstryd van die toer getoon dat hy groot belofte inhou.

Die beseerde Jan (Boor) Kruger (senter) kon geen wedstryde speel nie.

Die span moes onder ongewone omstandighede speel. Dit was meestal buitengewoon koud en winderig. Tydens een wedstryd het dit selfs hard gereën. Daarbenewens moes weer oorgeskakel word na die ou reëls.

Indien die span kan voortbou op die vertonings wat op die toer gelewer is, kan met vertroue na Intervarsity uitgesien word.

Die individuele wedstryde het kortliks soos volg verloop:

### Aliwal-Noord:

Kort voor rustyd is Eugene Kruger en Johan Aucamp beseer. Eugene het die veld verlaat en die Puk moes feitlik met slegs 13 spelers die mas opkom. Danksy reusewerk veral deur Jona Viljoen en Spekkies de Villiers kon die wedstryd met 17—6 beklink word. Drieë is gedruk deur Johan Aucamp, Koos du Plessis, Piet Bingle en Danie van Wyk (na 'n lopie van 50 tree), terwyl Spekkies 'n strafskop (50 tree) en 'n vervyfskop oorgeklits het.

### Brugersdorp:

Hierdie span spog met 'n hele paar provinsiale spelers, o.a. die kaptein van N.O.D. „Kid" du Preez, 'n oud-Matie. Hulle is die afgelope vyf jaar die bekerwenners van N.O.D. en het die afgelope 2 jaar geen wedstryde verloor nie. Hulle swaar pak voorspelers is veral manne wat geen genade betoon of vra nie. Die publiek het die Puk voor die wedstryd skoon bang gepraat wat dan ook gedurende die eerste paar minute 'n nadelige invloed op die Pukmanne se spel gehad het. Hulle het gevoel-voel aan die Burgersdorpers en was gou-gou 6—0 agter.

Hierna het Tromp en Jan Kruger die lynstane soos klokslag begin bemeester en toe Spekkies met 'n skepskop van 50 tree slaag, was die vet in die vuur. Om alles te kroon, behaal Hannes Visser 'n driekuns so uit die boek. Spekkies vervyf een daarvan en toe die eindfluitjie blaas, stap die Puk af as oorwinnaars (17—11). Na hulle onverwagte streepsuiker was die Burgersdorp-span merkbaar verslae. Spekkies was 'n toring van krag. Menige bewegings van die tuisspan het by hom skipbreuk gely. Piet Bingle kon weens 'n keelaandoening nie speel nie en Koos Hattingh het die kapteinskap vir die wedstryd oorgeneem. Hy het die taak met bekwaamheid uitgevoer en met eer uit die stryd getree.

### Swifts:

Swifts word saamgestel uit 7 klubs. Die span het vier Grensspelers ingesluit, o.a. die voormalige Junior Springbok voorrystot, „Bull" Edwards. Aanhoudende harde reën en 'n temperatuur van slegs 9° F. bokant vriespunt het die skouspelagtige rugby feitlik totaal onmoontlik gemaak.

Nogtans is die bal by elke moontlike geleentheid laat loop. Gieter van der Walt het in die gietende reën 'n pragvertoning gelewer. Soos op Burgersdorp, het hy sy provinsiale teenstander oorskadu. Ook Piet Bingle, Gert Scholtemeijer en Jan Kruger het voortreflike spel gelewer, terwyl die nat bal vir Spekkies blykbaar geen probleme opgelewer het nie.

'n Drie deur Jan Kruger en 'n straf- en 'n vervyfskop deur Spekkies het die Puk tot kort voor die einde 'n voorsprong van 8—ê besorg. Na 'n uiters ongelukkige en bestrede beslissing reg voor die pale, kon Swifts die wedstryd deur middel van 'n strafskop met 'n telling van 9—8 in hulle guns laat eindig.

### Grens Junior Baa-Baas

In Oos-Londen is 'n junior provinsiale span, die junior Baa-Baas aangedurf.

P.S.V. het 'n drie gedruk wat deur Kobie van der Walt „gemaak" is en Koos du Plessis het van 'n vyf tree skrum alle teenstand uit sy pad geloop vir 'n kragdrie. Spekkies de Villiers het P. S. V. van der Walt se drie vervyf maar origens teleurstellend pale toe gemik. Die eindtelling was 8—5 in P.U. se guns. Na hierdie oorwinning kan die Puk spog met twee oorwinnings oor die Natalse Duikers (1959 en 1962) en die een oor die Grens Junior Baa-Baas — voorwaar 'n prestasie.

Die toer het ook baie skaafplekke in die mondering van die eerste span uit die weg geruim. Die Rugbyklub het hopelik 'n keerpunt bereik.

Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

# Tukkies buit judotoernooi

**Die S.A. Universiteite Judotoernooi het van 1—5 Julie op Potchefstroom plaasgevind. Al die universiteite was teenwoordig en mans- sowel as dames-spanne het deelgeneem. 'n Baie aangename gees het regdeur die duur van die toernooi geheers en judo uit die hoogste rakke is gelewer.**

Uit bogenoemde kan ons dus sien dat die Pukmanne hulle baie goed van hulle taak gekwyt het. Vir die finale botsing, nl. Pro-

Die puntestand aan die einde van die toernooi was as volg:

| | |
|---|---|
| *Damesspanne:* | |
| Stellenbosch | 13 |
| Kaapstad | 6 |
| P.O.K. | 3 |
| *Mans Eerste Spanne:* | |
| Pretoria | 37 |
| Witwatersrand | 26 |
| U.O.V.S. | 25 |
| Potchefstroom | 17 |
| Stellenbosch | 17 |
| Natal | 10 |
| Kaapstad | 7 |
| Rhodes | 8 |
| *Mans Tweede Spanne:* | |
| Pretoria | 37 |
| Stellenbosch | 35 |
| P.O.K. | 33 |
| Potchefstroom | 31 |
| Kaapstad | 29 |
| Witwatersrand | 20 |
| Natal | 19 |

teas vs. W.-Tvl. is drie Pukke: Willie van Aarde, Louis Coetsee en André Greeff ir die W.-Tvl. A-span gekies en Jo Neethling vir die W.-Tvl. B-span. Willie van Aarde en André Greeff is egter ook gekies vir Proteas B en aangesien die Protea-span die eerste keuse het, moes hierdie twee manne vir Proteas veg.

Die uitslag was as volg:
Proteas A 8 punte vs. Wes-Transvaal A geen punte.
Proteas B 6 punte vs. Wes-Transvaal B 3 punte.

Ons het van verskeie universiteite skriftelike bedankings ontvang vir die aangename verblyf hier in die koshuise en ons wil graag langs hierdie weg ons hartlike dank aan die huisvader en die dames wat verantwoordelik was vir die etes in die koshuise asook aan al die persone wat gehelp het met die organisasie van die toernooi, uitspreek.



# *Tennisweek afgespeel in gure weersonstandighede*

**Die jaarlikse interuniversitêre tennistoernooi, wat vanjaar op Wits gehou is, is afgespeel in uiters gure weersomstandighede. Hierdie week is vanaf die eerste tot die sesde Julie gehou.**

Die damesspan het veral 'n blink vertoning gelewer. Vanaf die begin was dit duidelik dat die dames respek afdwing. Die dames het dan ook ten spyte van sterk teenstand daarin geslaag om Kaapstad onder die knie te kry en het daarna later ook vir Stellenbosch lelik die skrik op die lyf gejaag deur gelykop te speel. Aan die einde van die week was die dames vyfde op die lys van deelnemers.

Die mans het minder goed vertoon. Die kompetisie in die afdelings vir mans was egter veel sterker. Die mansspan het egter nie sonder eer uit die stryd getree nie en die meeste van die wedstryde is oor drie stelle afgespeel.

Dit was egter duidelik dat daar by sowel die mans as by die dames 'n groot gebrek aan wedstrydoefening was, wat hulle veral teen die sterker spelers lelik in die sop laat beland het. Dikwels was dit die geval dat die ervaring van die teenstanders die deurslag gegee het. Met 'n bietjie meer ervaring behoort die Puk in die toekoms 'n veel groter krag in tennis te wees.

Tydens die week is daar egter nie net tennis gespeel nie maar is die kans benut om die planetarium, die Cinerama-teater, die Albert Hertzogtoring en ander plekke te gaan besoek.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**